(6) As die eiendom verkoop word —

(a) het die raad die reg om uit die opbrengs van sodanige verkoop die bedrag van die agterstallige belasting tot op die verkoopdatum saam met die rente daarop soos voormeld, te behou, asook alle uitgawes aangegaan in verband met sodanige verkoop en die voorafgaande verrigtings wat by hierdie regulasie voorgeskryf word, en moet hy die balans (as daar is) by die Meester van die Hooggeregshof deponeer;

(b) moet die Registrateur van Aktes, by oortuiging dat die bepalings van subregulasies (1) en (2) nagekom is, en nieteenstaande dat daar geen aantekening van die eiendomsreg op die eiendom in die registers van die Aktekantoor voorkom nie, 'n transportakte wat 'n aktebesorger in die vorm voorgeskryf in Bylae 2 opgestel het en by hom ingedien het, verly sonder dat die titelbewys van die bedoelde eiendom aan hom voorgelê word en wel uit hoofde van 'n sertifikaat deur die sekretaris dat hy sodanige titelbewys nie kon opspoor nie, of waar geen bewys van eiendomsreg op die eiendom in die registers van die Aktekantoor voorkom nie, uit hoofde van 'n sertifikaat deur die aktebesorger wat die transportakte indien dat hy geen aantekening van die eiendomsreg op die eiendom in sodanige registers kon opspoor nie. By so 'n oordrag geld die bepalings van artikel 56 (1) van die Registrasie van Aktes Proklamasie 1939 (Proklamasie 37 van 1939) nie en moet transport geskied vry van die verband en sonder die toestemming van die wettige verbandhouer.

(7) Die bepalings van subregulasie (6) (b) is van toepassing op enige verkoop van sodanige eiendom soos beskryf word in subregulasie (1) ongeag of dit aangegaan is voor of na die inwerkingtreding van hierdie regulasies.

(8) Geen bepaling van hierdie regulasie belet die raad om in enige bevoegde geregshof 'n geding in te stel

registered post on such registered owner if he is within the Territory and his address is known, or, if absent from the Territory, or, if his address within the Territory is not known, on his representative within the Territory, if known.

(3) If the amount due as aforesaid be not paid or if no cause to the contrary be shown within the period mentioned, the board may upon a resolution to that effect after due notice to the mortgagee (if any, and if his address is known) by registered post, sell the said property by public auction.

(4) The board shall give due notice of the proposed sale of such property by advertising it and the date thereof (not being earlier than 21 days from the date of the resolution of the board referred to in subregulation (3)) once in the *Official Gazette* and once a week for three consecutive weeks in one or more newspapers.

(5) At any time before the actual sale of such property the registered owner thereof may claim the same by paying the arrear rates, together with interest thereon as aforesaid, and all expenses incurred by the board in connection with the proceedings laid down in this section.

(6) In the event of the sale of such property —

(a) the board shall be entitled to retain out of the proceeds of such sale the amount of arrear rates up to the date of sale together with interest thereon as aforesaid and all expenses incurred in connection with such sale and the proceedings prior thereto as in this regulation prescribed and shall deposit the balance, if any, with the Master of the Supreme Court;

(b) the Registrar of Deeds, on being satisfied that the provisions of subregulations (1) and (2) have been complied with, and notwithstanding that no record of the ownership of the property exists in the registers of the Deeds Registry, shall upon lodgment with him of a deed of transfer prepared by a conveyancer in the form prescribed in Schedule 2, execute the same without the production to him of the title deeds of the said property on a certificate by the secretary that he has been unable to find them, or where no evidence of ownership of the property exists in the registers of the Deeds Registry, on a certificate by the conveyancer lodging the deed of transfer that he has been unable to trace any record of the ownership of the property in such registers. In regard to such transfer, the provisions of section 56 (1) of the Deeds Registry Proclamation 1939 (Proclamation 37 of 1939) shall not apply and transfer shall be passed free of the bond and without the production thereof or the consent of the legal holder of the bond.

(7) The provisions of subregulation 6 (b) shall apply to any sale of such property as is described in subregulation (1) whether concluded before or after the commencement of these regulations.

(8) Nothing in this regulation contained shall debar the board from taking action against an absent owner of

teen 'n afwesige eienaar van sodanige eiendom vir die verhaal van enige agterstallige belastings tesame met rente daarop soos voormeld nie.

such property for the recovery of arrear rates together with interest thereon as aforesaid in any competent court of law.

WAARDASIELYS:

7. (1) (a) Een keer elke drie jaar moet daar 'n algemene waardering van alle onroerende eiendom in elke buitestedelike gebied plaasvind met uitsondering van enige sodanige eiendom in paragrawe (a), (c), (d), en (e) van regulasie 2 (1) en, te eniger tyd wanneer nodig, 'n tussentydse waardering van —

- (i) enige eiendomme wat uit die vorige hoofwaardasielys weggelaat is of ten opsigte waarvan 'n fout begaan is;
- (ii) enige eiendomme waarvan die waarde sedert die vorige waardering daarvan wesenlik vermeerder of verminder het weens enige oorsaak eie aan sodanige eiendom;
- (iii) enige eiendomme wat ingevolge regulasie 4 (1) (e) belasbaar geword het.

(b) Enige waardasie, hetsy op die algemene waardasielys of die tussentydse waardasielys, is 'n voorlopige waardasie totdat die betrokke waardasihof of, in die geval van eiendom ten opsigte waarvan appèl by die Hooggeregshof aangeteken is, die Hooggeregshof sodanige waardasie verander of bekragtig het. Wanneer die algemene waardasies verander of bekragtig is, staan die lys bekend as die hoofwaardasielys en wanneer 'n tussentydse waardasie verander of bekragtig word, word sodanige waardasie beskou as deel van sodanige hoofwaardasielys.

(c) Nieteenstaande andersluidende bepalings in hierdie regulasie kan die Administrateur gelas dat 'n algemene waardasie waarna in paragraaf (a) verwys word, te eniger tyd uitgevoer word binne of na drie jaar van die jaar waarin die vorige algemene waardasie uitgevoer is.

(2) (a) Onderhewig aan die Administrateur se goedkeuring stel die raad 'n bevoegde persoon — hierna heet hy die „waardeerder” — wat 'n beampte of werknemer van die raad kan wees, op die voorwaardes wat die raad bepaal, aan, en hy is verantwoordelik vir die waardering van alle belasbare onroerende eiendom binne die buitestedelike gebied op 'n voorlopige waardasielys asook vir die opstelling van die voorlopige tussentydse waardasielys, en hierdie lyste moet die volgende besonderhede aangee —

- (i) 'n beskrywing van die eiendom;
- (ii) die eienaar se naam;
- (iii) die grootte en omvang van die eiendom;
- (iv) die waardasie van die grond; en
- (v) die waardasie van enige geboue op sodanige grond.

(b) Voordat 'n waardeerder enige algemene of tussentydse waardering wat aan hom opgedra is, onderneem, moet hy voor 'n kommissaris van ede 'n verklaring aflê wat soos volg lui:

VALUATION ROLL:

7. (1) (a) There shall be a general valuation of all immovable property in every peri-urban area except any such property referred to in paragraphs (a), (c), (d) and (e) of regulation 2 (1) once in every three years, and an interim valuation when necessary at any time of —

- (i) any properties which were omitted from the previous main valuation roll or in respect of which an error had been made;
- (ii) any properties which have materially increased or decreased in value due to any cause particular to such properties since the last valuation thereof;
- (iii) any properties which have become rateable in terms of regulation 4 (1) (e).

(b) Any valuation, whether on the general valuation roll or on the interim valuation roll, shall be a provisional valuation until the valuation court concerned or, in the case of a property in respect of which an appeal has been made to the Supreme Court, the Supreme Court has altered or confirmed such valuation. When the general valuations have been altered or confirmed the roll shall be known as the main valuation roll and when any interim valuation is altered or confirmed such valuation shall be deemed to be part of such main valuation roll.

(c) Notwithstanding anything to the contrary in this regulation contained, the Administrator may direct that a general valuation referred to in paragraph (a) shall be made at any time within or after three years of the year in which the previous general valuation was made.

(2) (a) The board shall, subject to the approval of the Administrator, appoint a competent person, hereinafter called “the valuer” who may be an employee of such board subject to such conditions as the board may determine and he shall be responsible for valuing all rateable immovable property within the peri-urban area on a provisional valuation roll and for compiling the provisional interim valuation roll which rolls shall give —

- (i) a description of the property;
- (ii) the name of the owner;
- (iii) the size and extent of the property;
- (iv) the valuation of the land; and
- (v) the valuation of any buildings on such land.

(b) Before entering upon any general or interim valuation entrusted to him, every valuer shall, before a commissioner of oaths, make a declaration in the following terms:

„Ek,, verklaar hierby plegtig en opreg dat ek al die eiendom wat ek vir die doeleindes van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling 1970 (Ordonnansie 19 van 1970) of enige regulasie daarkragtens afgekondig moet waardeer, volgens my beste bekwaamheid en kennis en sonder begunstiging of vooroordeel noukeurig en onpartydig sal waardeer, en dat ek sodanige eiendom teen die volle en billike waarde daarvan ooreenkomstig die bedoeling en vereistes van die wet gewetensgetrou sal waardeer.

En ek lê hierdie plegtige verklaring af met die bedoeling om dit pligsgetrou na te kom.

Verklaar te.....op hierdie die.....
dag van.....19.....

Geteken

Voor my
KOMMISARIS VAN EDE.”

(c) Die waardeerder moet alle openbare sittings van die betrokke waardasiehof bywoon waarby sy teenwoordigheid nodig is.

(d) (i) By vertoning van 'n sertifikaat van die sekretaris dat hy die waardeerder is, het die waardeerder die reg om enige eiendom te betree wat vir die doeleindes van hierdie regulasie geïnspekteer moet word en enige eienaar of okkupeerder van sodanige eiendom of iemand wat toesig daarvoor het, moet op versoek van die waardeerder al die nodige geleentheid aan hom verskaf om hom in staat te stel om die eiendom te betree, asook die inligting wat hy vir die doeleindes van hierdie regulasie nodig het.

(ii) Elkeen wat enige versoek van die waardeerder ingevolge subparagraaf (i) weier of sodanige waardeerder dwarsboom by die uitvoering van sy pligte is skuldig aan 'n misdryf.

(e) Die waardeerder kan uit sy amp onthef word uit hoofde van enige rede wat die Administrateur as goed en voldoende ag.

(3) (a) Die grondslag van die waardering van eiendom is die geskatte prys wat 'n koper gewillig sou wees om te betaal en 'n verkoper gewillig sou wees om te aanvaar by 'n vrywillige verkoop van sodanige eiendom ten tyde van die waardering: Met dien verstande dat by die bepaling van die waarde van geboue op grond, sodanige grond beskou en gewaardeer moet word as 'n onbeboude perseel en dat die verskil tussen die geskatte waarde van die grond en geboue, bepaal soos voormeld, en die geskatte waarde van net die grond vir die doeleindes van waardering en belasting beskou moet word as die waarde van die geboue.

(b) Enige voorlopige waardasielys moet by die kantoor van die raad gehou word en moet gedurende die gewone kantoorure van die raad vir enigiemand ter insae beskikbaar wees.

(4) (a) 'n Waardasiehof moet van tyd tot tyd in elke buitestedelike gebied ingestel word en moet bestaan uit drie lede van wie een 'n landdros moet wees wat as voorsitter en sameroeper moet optree, een 'n lid moet wees wat die Administrateur aangestel het en een 'n lid wat die raad aangestel het, maar wat nie 'n raadslid of in diens van die raad mag wees nie.

“I, do solemnly and sincerely declare that I will, to the best of my skill and knowledge and without favour or prejudice, truly and impartially appraise and value all such property as I shall be required to value for the purposes of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970) or any regulation promulgated thereunder and that I will conscientiously value the same at and for the full and fair value thereof according to the intent and requirements of the law.

And I make this solemn declaration conscientiously intending to fulfil the same.

Declared at on this the.....
day of 19.....

Signed:

Before me
COMMISSIONER OF OATHS.

(c) The valuer shall attend all public sittings of the valuation court concerned at which his presence may be necessary.

(d) (i) The valuer shall, upon production of a certificate by the secretary to the effect that he is the valuer, have the right of access to any property to be inspected for the purposes of this regulation and any owner, occupier or person in charge of such property shall upon the request of the valuer, furnish him with such facilities as are necessary to enable him to enter the property, and with such information as he may require for the purposes of this regulation.

(ii) Any person who refuses any request by the valuer in terms of subparagraph (i) or obstructs such valuer in the performance of his duties shall be guilty of an offence.

(e) The valuer may be removed from office for any reason which the Administrator deems good and sufficient.

(3) (a) The basis of the valuation of property shall be the estimated price which a buyer would be willing to give and a seller would be willing to accept at a voluntary sale of such property at the time of the valuation: Provided that in determining the value of buildings on land, such land shall be regarded and valued as a vacant site and the difference between the estimated value of the land and buildings, determined as aforesaid, and the estimated value of the land only shall, for the purposes of valuation and rating, be regarded as the value of the buildings.

(b) Any provisional valuation roll shall be kept at the offices of the board and shall be open for inspection by any person during the ordinary office hours of the board.

(4) (a) A valuation court shall be constituted from time to time, for every peri-urban area consisting of three members, one of whom shall be the magistrate as chairman and convener, one member to be appointed by the Administrator and one member who shall not be a member of the board or in the employ of the board to be appointed by the board.

(b) Die waardasiehof kan een of meer bevoegde persone wat nie raadslede of in diens van die raad is nie, as assessore aanstel om die hof behulpsaam te wees.

(c) Twee lede van die waardasiehof is 'n kworum mits een van hulle die voorsitter is.

(d) Die raad kan uit sy inkomste sodanige gelde en/of toelaes soos die raad goedvind aan elke lid van die waardasiehof buiten voltydse staatsbeamptes betaal.

(5) (a) Minstens dertig dae voor die datum wat die voorsitter vir die sitting van die waardasiehof bepaal het, moet die raad in een of meer nuusblaai 'n kennisgewing laat publiseer dat die voorlopige waardasielys vir openbare inspeksie beskikbaar is en waarin die raad vra om die indiening van besware daarteen wat binne een-en-twintig dae na die verskyning van sodanige kennisgewing moet geskied, en sodanige kennisgewing moet ook die tyd, datum en plek van die sitting van die waardasiehof aangee. Sodanige besware moet skriftelik geskied en moet die gronde van die besware vermeld.

(b) Op die bepaalde datum oorweeg die waardasiehof elke waardasie op die voorlopige waardasielys en die besware (as daar is) wat daarteen ingedien is; en sodanige hof —

- (i) het die reg om die veranderings en wysigings aan te bring wat hy goedvind;
- (ii) kan enige waardasie vermeerder of verminder, of daarteen beswaar ingedien is of nie: Met dien verstande dat 'n waardasie waarteen geen beswaar ingedien is nie, nie vermeerder mag word nie tensy kennis daarvan aan die eienaar gegee is, of, in sy afwesigheid, aan die okkupeerder van, of agent vir, die eiendom;
- (iii) kan die waardasie van alle eiendomme in 'n bepaalde buurt verhoog sonder kennisgewing aan die eienaars van sodanige eiendomme soos bepaal in die voorafgaande subparagraaf;
- (iv) kan die waardeerder gelas om enige eiendom in 'n bepaalde buurt, wat weggelaat is, te waardeer, of wat na die mening van die hof nie behoorlik ge waardeer is nie, te herwaardeer;
- (v) kan van tyd tot tyd verdaag soos hy dit wenslik vind;
- (vi) kan getuienis aanhoor wat onder eed voor hom afgele word.

(c) Geen lid van die waardasiehof mag deelneem aan 'n bespreking of mag stem oor 'n vraag voor sodanige hof waarby hy, of regstreeks of middels sy gade, vennoot of 'n naverwant, geldelike belange het nie: Met dien verstande dat enige versuim om die bepalinge van hierdie paragraaf na te kom, nie geag word die beslissinge van die hof ten opsigte van ander eiendomme waarby sodanige lid geen sodanige belange het nie, ongeldig te maak nie.

(d) 'n Eienaar van onroerende eiendom wat beswaar ingedien het teen 'n waardasie of die Administrateur of die raad kan persoonlik of deur 'n behoorlik gemagtigde verteenwoordiger voor die waardasiehof verskyn.

(e) Die sekretaris stel die eienaar van onroerende eiendom, wat teen die waardasie beswaar gemaak het, in kennis van die beslissing van die waardasiehof.

(b) The valuation court may appoint as assessors one or more competent persons, not being members of the board or in the employ of the board, for the purpose of assisting it.

(c) Two members of the valuation court shall, provided one of them is the chairman, form a quorum.

(d) The board may out of its revenue pay to each member of the valuation court, other than full-time Government servants such fees and/or allowances as the board may deem fit.

(5) (a) At least thirty days before the date determined by the chairman for the sitting of the valuation court, the board shall cause to be published in one or more newspapers a notice stating that the provisional valuation roll is available for public inspection and calling for the lodging of objections thereto within a period of twenty-one days of such notice, and giving the time, date and place of the sitting of the valuation court. Such objections shall be in writing, and shall state the grounds on which the objections are based.

(b) The valuation court shall on the appointed day, proceed to consider each valuation on the provisional valuation roll and the objections, if any, lodged thereto and such court —

- (i) shall be entitled to make such alterations and amendments as it deems fit;
- (ii) may increase or decrease any valuation whether it be objected to or not: Provided that a valuation to which no objection has been lodged shall not be increased unless notice has been given to the owner, or, in his absence, to the occupier of or the agent for the property;
- (iii) may raise the valuation of all properties in a given area without giving notice to the owners of such properties as provided for in the previous subparagraph;
- (iv) may order the valuer to value or revalue any property in a given area which was omitted, or in the opinion of the court was not properly valued;
- (v) may adjourn from time to time as it may deem expedient;
- (vi) may hear evidence given before it on oath.

(c) No member of the valuation court shall take part in any discussion or shall vote on any question before such court in which he is financially interested either directly or through his spouse, partner or through a near relation: Provided that any failure to observe the provisions of this paragraph shall not be deemed to invalidate the decisions of the court in regard to other properties in which such member is not so interested.

(d) Any owner of immovable property who has objected to any valuation, or the Administrator or the board, may appear before the valuation court in person or by a duly authorised representative.

(e) The owner of immovable property, who has objected to any valuation shall be advised by the secretary of the decision of the valuation court.

(f) Die sekretaris moet behoorlik notule en aantekeninge van die verrigtings by enige sitting van die waardasiehof hou en die bevinding in elke geval moet aangeteken word en die notule moet onderteken word deur die voorsitter van daardie hof en is bewys *prima facie* van die verrigtings en bevindings van die hof.

(g) Onderhewig aan die reg van appèl waarvoor subregulasie (6) voorsiening maak, is die beslissing van die waardasiehof afdoende.

(6) Die eienaar van onroerende eiendom waarvan die waardasie deur die waardasiehof verander is, of die Administrateur of die raad kan appèl by die Hooggeregshof aanteken. Skriftelike kennisgewing van sodanige appèl moet binne een-en-twintig dae na die bekendmaking van die waardasiehof se beslissing geskied en daarin moet die gronde vir sodanige appèl aangegee word.

(7) Die hoofwaardasielys moet gedurende die raad se gewone kantoorure vir elkeen ter insae beskikbaar wees.

(8) Die raad kan uittreksels uit die hoofwaardasielys aan elkeen verskaf en die gelde daarvoor vorder wat die raad by besluit bepaal.

(f) The secretary shall keep proper minutes and records of the proceedings of any sitting of the valuation court, and the findings in each case shall be recorded and the minutes shall be signed by the chairman of that court and shall be *prima facie* evidence of the proceedings and findings of the court.

(g) Subject to the right of appeal as provided in subregulation (6), the decision of the valuation court shall be final.

(6) An appeal may be brought before the Supreme Court by the owner of immovable property, the valuation of which has been altered by the valuation court or by the Administrator or by the board. Written notice of such appeal shall be given within twenty-one days of the decision of the valuation court having been made known and in such notice the grounds for such appeal shall be given.

(7) The main valuation roll shall be open for inspection by any person during the ordinary office hours of the board.

(8) The board may provide extracts from the main valuation roll to any person and may charge such fees therefor as may be determined by resolution of the board.

VERRIGTINGS VAN WAARDASIEHOF:

8. (1) Samestelling van waardasiehof:

- (a) Behoudens die bepalings van regulasie 7 (4) word daardie lede van die waardasiehof wat deur die Administrateur of die raad, na gelang aangestel word, vir 'n tydperk van een jaar aangestel en kan hulle heraan gestel word.
- (b) Die Administrateur kan te eniger tyd die aanstelling van daardie lede van 'n waardasiehof wat deur die Administrateur of die raad, na gelang aangestel word, sonder opgaaf van redes beëindig as dit na sy mening in die openbare belang is om dit te doen: Met dien verstande dat waar sodanige lid deur die raad aangestel is, die Administrateur eers die raad moet raadpleeg.
- (c) Wanneer ook al die setel van 'n lid vakant word, benoem die persoon of liggaam deur wie hy aangestel is, 'n opvolger om die vakature te vul, en sodanige nuwe lid beklee die amp vir die oorblywend tydperk waarvoor sy voorganger die amp sou beklee het.
- (d) Niemand word deur die Administrateur as lid van enige waardasiehof aangestel indien hy 'n raads-lid of 'n beampste of werknemer van die raad is nie.
- (e) (i) Niemand wat 'n aanstelling kragtens regulasie 7 (4) het, behalwe die voorsitter, verrig die werksaamhede van 'n lid van 'n waardasiehof nie, tensy hy 'n eed of plegtige verklaring afgelê het, deur hom onderteken, in onderstaande vorm, te wete —

PROCEEDINGS OF VALUATION COURT:

(8) (1) Constitution of valuation court:

- (a) Subject to the provisions of regulation 7 (4) those members of the valuation court appointed by the Administrator or the board, as the case may be, shall be appointed for one year and they may be re-appointed.
- (b) The Administrator may at any time without giving reasons terminate the appointment of those members of a valuation court appointed by the Administrator or the board, as the case may be, if in his opinion it is in the public interest to do so: Provided that where any such member has been appointed by the board the Administrator shall first consult the board.
- (c) Whenever the seat of a member becomes vacant the person or body by whom he was appointed shall nominate a successor to fill the vacancy, and such new member shall hold office for the rest of the period for which his predecessor would have held office.
- (d) No person shall be appointed by the Administrator as member of any valuation court if he is a member of the board or an officer or employee of the board.
- (e) (i) No person holding an appointment under regulation 7 (4) except the chairman, shall fulfil the functions of a member of a valuation court unless he has taken an oath or made a solemn declaration, signed by him, in the form set out below, namely:

„Ek,

verklaar hierby onder eed/plegtig en opreg dat ek tot die beste van my kennis en vermoë en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel, waarlik en onpartydig sal beslis oor alle sake wat voor my gestel word as 'n lid van hierdie hof. Ek verklaar verder dat indien enige saak sou voorkom waarin ek, my eggenote, my vennoot, my bloedverwant of enige maatskappy waarvan ek 'n bestuurslid is of waarin ek 'n direkte of indirekte geldelike belang by het ek daardie feite aan hierdie hof bekend sal maak alvorens sodanige saak deur hierdie hof behandel word."

Plek:

Datum:

(ii) Nadat die eed of plegtige verklaring ooreenkomstig subparagraaf (i) afgelê en onderteken is, moet dit aan die sekretaris besorg word.

(2) SAKELYS:

Die sekretaris stel voor elke sitting van die waardasiehof 'n sakelys op wat ook die volgende inligting bevat:

- (a) Die eiendomme, in numerieke volgorde, waaroor besware gaan en die name van die beswaarmakers, tesame met 'n afskrif van die besware wat ingedien moet word in 'n vorm soos voorgeskryf in Bylae 3 hierby; en
- (b) enige verduideliking of inligting tot beskikking van die sekretaris wat hy dienstig ag om die beoordeelde oorweging van en beslissing oor die besware te bevorder.

(3) PROSEDURE BY VERGADERINGS:

- (a) Besware teen waardasies op die voorlopige waardasielys word deur die waardasiehof aangehoor in die volgorde waarin hulle op die sakelys verskyn, tensy die waardasiehof om gegronde redes anders beveel.
- (b) Enige beswaarmaker, die Administrateur en die raad het die reg om, of persoonlik of middels 'n skriftelike gevolmagtigde verteenwoordiger voor die waardasiehof te verskyn om getuienis te lewer, om getuies te roep en getuies te ondervra.
- (c) Die reëls met betrekking tot ondervraging, kruisondervraging en herondervraging van getuies wat van toepassing is in landdroshof, is *mutatis mutandis* van toepassing op die verrigtings van die waardasiehof.
- (d) Elke beswaarmaker of sy verteenwoordiger en die getuies wat hy roep, moet hulle bepaal by die gronde waarop die skriftelike beswaar, wat ingedien moet word in 'n vorm soos voorgeskryf in Bylae 3 by hierdie regulasies, teen die betrokke waardasie berus: Met dien verstande dat die voorsitter te eniger tyd kan besluit om argumente ten opsigte van enige tersaaklike regsbeginnsel of punt van orde aan te hoor en daaroor te beslis.

„I,

hereby declare under oath/solemnly and sincerely declare that I will decide all matters put before me as a member of this court to the best of my knowledge and ability and without fear or favour or prejudice, truly and impartially. I further declare that if any matter should arise in which I, my spouse, my partner, my blood relation or any company of which I am a managing member or in which I have a direct or indirect pecuniary interest, I shall make known those facts to this court before such matter is dealt with by this court."

Place:

Date:

- (ii) After the oath or solemn declaration has been taken or made under subparagraph (i) and been signed it shall be furnished to the secretary.

(2) AGENDA:

The secretary shall, before every sitting of the valuation court compose an agenda which shall also contain the following information:

- (a) The properties, in numerical order, in connection with which there are objections, and the names of the objectors, together with a copy of the objections which shall be lodged in a form as prescribed in Schedule 3 hereto; and
- (b) any explanation or information at the secretary's disposal which he deems expedient to promote the proper consideration of and decision on, the objections.

(3) PROCEDURE AT MEETINGS:

- (a) Objections to valuations on the provisional valuation roll shall be heard by the valuation court in the sequence in which they appear on the agenda, unless the valuation court for good reason directs otherwise.
- (b) Any objector, the Administrator and the board shall have the right either personally or through a representative authorised in writing, to appear before the valuation court to give evidence, to call witnesses and to examine witnesses.
- (c) The rules relating to the examination, cross-examination and re-examination of witnesses applicable to magistrates courts shall *mutatis mutandis* apply to the proceedings of the valuation court.
- (d) Every objector or his representative and the witnesses called by him shall confine themselves to the grounds forming the basis of the written objection, which shall be lodged in a form as prescribed in Schedule 3 of these regulations, to the valuation in question: Provided that the chairman may at any time decide to hear arguments in respect of any relevant legal principle or point of order, and to decide thereon.

(4) ORDEREELS:

- (a) Alle bevindings van die waardasiehof berus op 'n meerderheid van stemme van die teenwoordige lede, behalwe ten opsigte van regsbeginsels en punte van orde waaroor die voorsitter beslis.
- (b) By enige staking van stemme het die voorsitter, benewens sy gewone stem, ook 'n beslissende stem.
- (c) (i) Slegs besware op die vorm voorgeskryf in Bylae 3 van hierdie regulasies en wat gronde aanvoer om te bewys dat enige waardasie nie 'n realistiese skatting is nie van die prys wat 'n koper gewillig sou wees om te betaal en 'n verkoper gewillig sou wees om te aanvaar by 'n vrywillige verkoop van die betrokke eiendom ten tyde van die waardering soos bepaal by regulasie 7 (3) (a) is binne die orde.
- (ii) Die voorsitter kan te eniger tyd deur die verteenwoordiger van die Administrateur of van die raad versoek word om te beslis of enige beswaar voor die waardasiehof binne die orde is.
- (iii) Indien die voorsitter bevind dat enige beswaar voor hom buite die orde is, word sodanige beswaar deur die waardasiehof verworp en vind daar geen verdere bespreking daaroor plaas nie.
- (d) (i) Elkeen wat die waardasiehof toespreek moet dit staande doen (tensy die voorsitter hom op gegronde rede hiervan verskoon) en moet die waardasiehof deur die voorsitter aanspreek.
- (ii) Die volgorde waarin diegene wat geregtig is om voor die waardasiehof te verskyn, hulle getuienis aanbied en die waardasiehof toespreek, is soos volg —
 - (a) Die beswaarmaker of sy verteenwoordiger;
 - (b) die raad se verteenwoordiger;
 - (c) die Administrateur se verteenwoordiger;
 - (d) repliek deur die beswaarmaker of sy verteenwoordiger.
- (iii) Elkeen wat die waardasiehof toespreek, moet hom streng bepaal by die punt onder bespreking.
- (iv) Enige beswaarmaker verbeur sy reg om voor die waardasiehof te verskyn indien hy of sy verteenwoordiger nie na vore kom wanneer deur die waardasiehof geroep ten tyde van oorweging van die betrokke beswaar nie, tensy die waardasiehof besluit om die beswaar later te oorweeg.
- (e) (i) Elkeen wat, na die mening van die voorsitter
 - (a) aanhoudend en opsetlik die verrigtings van die waardasiehof belemmer, onderbreek of versteur;
- (b) hom op 'n onbehoorlike wyse gedra;

(4) RULES OF ORDER:

- (a) All findings of the valuation court shall rest on the majority of votes of the members present except in respect of legal principles and points of order, on which the chairman shall decide.
- (b) If there is an equality of votes the chairman shall have, in addition to his deliberative vote, also a casting vote.
- (c) (i) Only objections lodged in the form prescribed in Schedule 3 of these regulations and adducing reasons to prove that any valuation is not a realistic estimate of the price a purchaser would be willing to pay and a seller would be willing to accept at a voluntary sale of the property concerned at the time of the valuation as provided by regulation 7 (3) (a) shall be in order.
- (ii) The chairman may at any time be requested by the representative of the Administrator or the board to decide whether any objection before the valuation court is in order.
- (iii) If the chairman finds that any objection before him is not in order, such objection shall be rejected by the valuation court and no further discussion on it shall take place.
- (d) (i) Any person addressing the valuation court shall do so standing (unless the chairman excuses him from this for good reason) and shall address the valuation court through the chairman.
- (ii) The sequence in which those persons entitled to appear before the valuation court shall offer evidence and address the valuation court, shall be as follows:
 - (a) the objector or his representative;
 - (b) the board's representative;
 - (c) the Administrator's representative;
 - (d) rejoinder by the objector or his representative;
- (iii) Any person addressing the valuation court, shall confine himself strictly to the point under discussion.
- (iv) Any objector shall forfeit his right to appear before the valuation court if he or his representative does not come to the fore when called to do so by the valuation court at the time of the consideration of the relevant objection, unless the valuation court decides to consider the objection later.
- (e) (i) Any person who, in the opinion of the chairman —
 - (a) continually and wilfully obstructs, interrupts or disturbs the proceedings of the valuation court;
 - (b) conducts himself in an improper manner;

- (c) hom toelê op langdradige herhaling of onbetaamlike taal;
- (d) weier om die beslissing van die voorsitter te gehoorsaam op enige punt van orde;
- (e) van onbetaamlike uitdrukkings of beledigende voorstelle gebruik maak; of
- (f) aantygings van enige ongegronde motiewe maak terwyl hy besig is om die waardasiehof toe te spreek, kan deur die voorsitter gelas word om sy toespraak te staak en sy stoel in te neem.

(ii) In die geval van aanhoudende minagting van die gesag van die voorsitter, kan die voorsitter, by wyse van 'n meerderheidstem van die waardasiehof, sodanige persoon gelas om die waardasiehof vir die duur van die sitting te verlaat.

(iii) Enigiemand wat weier om die waardasiehof te verlaat nadat hy deur die voorsitter soos voormeld gelas is, is skuldig aan 'n oortreding en kan op las van die voorsitter, uit die waardasiehof verwyder word.

(5) NOTULE:

- (a) Nadat die notule deur die voorsitter korrek verklaar is soos bepaal by regulasie 7 (5) (f) word dit aan die sekretaris oorhandig.
- (b) Die sekretaris kan, na goeddunke, 'n eienaar van onroerende eiendom binne die buitestedelike gebied waarvoor die waardasiehof ingestel is of 'n persoon wat behoorlik deur sodanige eienaar skriftelik daartoe gemagtig is, toelaat om die notule van verrigtings van die waardasiehof vir die buitestedelike gebied waarin sodanige eiendom geleë is, na te gaan of 'n gedeelte van sodanige notule na te gaan en toestemming verleen dat uittreksels uit sodanige notule of gedeelte van sodanige notule gemaak word.

(6) ALGEMEEN:

Elke sitting van die waardasiehof geskied in die openbaar.

(7) STRAFBEPALING:

Elkeen wat enige bepaling van hierdie regulasies oortree, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens twintig rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens dertig dae.

- (c) tediously repeats himself or uses improper language;
- (d) refuses to obey the decision of the chairman on any point of order;
- (e) uses unseemly expressions or makes insulting proposals; or
- (f) makes accusations of any unfounded motives while he is addressing the valuation court, may be ordered by the chairman to stop his speech and resume his chair.

(ii) In the case of continual contempt of the authority of the chairman, the chairman may, by means of a majority vote of the valuation court order such person to leave the valuation court for the duration of the sitting.

(iii) Any person who refuses to leave the valuation court after having been ordered to do so by the chairman, shall be guilty of an offence and may at the discretion of the chairman be removed from the valuation court.

(5) MINUTES:

- (a) After the minutes have been declared correct by the chairman as provided by regulation 7 (5) (f) they shall be handed to the secretary.
- (b) The secretary may, if he deems it fit, allow an owner of immovable property within the peri-urban area for which the valuation court has been instituted or a person who has been duly authorised in writing, thereto by such owner, to scrutinise the minutes of the proceedings of the valuation court for the peri-urban area in which such property is situated, or to scrutinise part of such minutes and may grant permission for extracts to be made from such minutes or part of such minutes.

(6) GENERAL:

Every sitting of the valuation court shall be held in public.

(7) PENALTY CLAUSE:

Any person who contravenes any provision of these regulations shall be guilty of an offence and on conviction liable to a fine not exceeding twenty rand or imprisonment for a period not exceeding thirty days.

BYLAE I.

(Regulasie 2)

AANSOEK OM VRYSTELLING VAN BETALING VAN
EIENDOMSBELASTING.

1. Ek, die ondergetekende
in my hoedanigheid as
van
doen hierby aansoek om vrystelling van betaling van
eiendomsbelasting ten opsigte van erf No.
geleë in die buitestedelike gebied van
vir die tydperk van 19.....
tot 19.....

2. Hierby sertifiseer ek —

- (a) dat die genoemde eiendom uitsluitlik gebruik sal
word*/nie vir enige doel gebruik sal word nie
maar afgesonder is/vir die doel van
vir die hele tydperk van
19..... tot 19.....

- *(b) dat die onderneming nie in belang van die gelde-
like voordeel van enige persoon gedrywe word
nie, hetsy as 'n aandeelhouer van 'n maatskappy
of andersins;

- *(c) dat daar op die genoemde eiendom wat uitsluitlik
gebruik word vir amateursport geen gelisensieer-
de bedryf uitgeoefen sal word nie.
Gedateer te op hierdie die
..... dag van
19.....

Handtekening van Eienaar.

Handtekening van Okkupeerder
indien nie Eienaar nie.(Betiteling van okkupeerder wat die behoorlike geakkre-
diteerde verteenwoordiger van is).

* Skrap wat nie van toepassing is nie.

BYLAE 2.

(Regulasie 6).

Besorg deur my:

AKTEBESORGER.

TRANSPORTAKTE.

Ooreenkomstig die bepalinge van regulasie 6 van die Re-
gulasies vir Eiendomsbelasting van die Raad vir Buite-
stedelike Ontwikkeling gee ek, die Registrateur van Ak-
tes in Windhoek, hierby oordrag en transport van die
volle en vrye eiendomsreg aan en ten behoeve van

..... sy administrateurs of regsverkrygendes op sekere (hier
moet die eiendom beskryf word en moet die voorwaardes
waaraan dit moontlik onderhewig is beskryf of genoem
word), en ek verklaar dat uit kragte van hierdie akte die
vermelde
sy administrateurs of regsverkrygendes tans en voortaan

SCHEDULE 1.

(Regulation 2).

APPLICATION FOR EXEMPTION FROM THE
PAYMENT OF PROPERTY RATES.

1. I, the undersigned
in my capacity as
of
do hereby make application for exemption from the
payment of property rates in respect of Erf No.
situated in the peri-urban area of
for the period from 19..... to 19.....

2. I hereby certify —

- (a) that the said property will be used exclusively*/
not be used for any purpose but has been set
aside/for the purpose of
throughout the period from 19..... to 19.....

- *(b) that the undertaking is not conducted for the
private pecuniary profit of any person whether
as a shareholder of a company or otherwise.

- *(c) that on the said property which is being used
exclusively for amateur sports, no licensed trade
will be carried on.

Dated at on this the
..... day of
19.....

Signature of Owner.

Signature of Occupier if not
Owner.(Designation of occupier being the duly accredited re-
presentative of)

* Delete which is not applicable.

SCHEDULE 2.

(Regulation 6).

Prepared by me:

CONVEYANCER.

DEED OF TRANSFER.

In accordance with the provisions of regulation 6 of the
Regulations on Property Rates of the Peri-urban Develop-
ment Board, I, the Registrar of Deeds at Windhoek, do
hereby cede and transfer the full and free property right
to and on behalf of his
administrators or assigns in certain (here describe the
property, and describe or refer to the conditions to which
the same may be subject) and declare that by virtue of
these presents the said
his administrators or assigns now are and henceforth

laarop geregtig is ooreenkomstig plaaslike gebruik, met voorbehoud egter van die Administrasie se regte.

Ten bewyse waarvan ek, die Registrateur van Aktes, hierdie akte onderteken het en my ampseël daarop laat aanbring het.

Aldus gedaan en verly in die kantoor van die Registrateur van Aktes in Windhoek op die
lag van die maand
in die jaar van Onse Heer Eenduisend Negehonderd

.....
Registrateur van Aktes.

BYLAE 3.

BUITESTEDELIKE GEBIED VAN
BESWAAR TEEN WAARDASIE.
(Drukskrif asb.)

Beswaar teen 'n inskrywing in die voorlopige waardasielys vir die jaar opgestel ingevolge regulasie 7.
VOLLE NAAM VAN BESWAARMAKER

POSADRES VAN BESWAARMAKER

BESONDERHEDE VAN EIENDOM WAAROP BESWAAR TEEN DIE WAARDASIE GEMAAK WORD:

Erf No.

DIE SEKRETARIS,
RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING.

Die volgende waardasie van bogenoemde eiendom kom voor in die voorlopige waardasielys van die Buitestedelike Gebied van
LIGGING R..... GEBOUE R.....
Ek maak beswaar teen genoemde waardasie. Die gronde vir my beswaar is soos volg
(Gebruik 'n afsonderlike vel papier indien ruimte onvoldoende is)
Ek versoek dat die waardasie deur die volgende vervang word: LIGING: R..... GEBOUE: R.....
Ek verklaar dat die eiendom *met/sonder geboue deur my gekoop is op 19..... vir R.....

Datum:

.....
Handtekening van Beswaarmaker

* Skrap wat nie van toepassing is nie.

(Slegs vir gebruik deur Waardasiehof)

BESLISSING VAN WAARDASIEHOF.

Beswaar deur
en opsigte van waardasie van Erf No.

LIGGING: R..... GEBOUE: R.....
Datum:

.....
Voorsitter: Waardasiehof.

shall be entitled thereto, conformably to local custom, the Administration, however, reserving its rights.

In witness, whereof I, the Registrar, have subscribed to these presents and have caused my seal of office to be affixed thereto.

Thus done and executed at the office of the Registrar of Deeds in Windhoek, on the day of the month of in the year of Our Lord One Thousand Nine Hundred and

.....
Registrar of Deeds.

SCHEDULE 3.

PERI-URBAN AREA OF
OBJECTION TO VALUATION.
(please print).

Objection to an entry in the provisional valuation roll for the year made under the provisions of regulation 7.

FULL NAME OF OBJECTOR:

POSTAL ADDRESS OF OBJECTOR:

PARTICULARS OF PROPERTY IN RESPECT OF WHICH OBJECTION TO THE VALUATION IS MADE:

ERF NO.

THE SECRETARY,
PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD

The following valuation of the above-mentioned property appears in the provisional valuation roll of the peri-urban area of
SITE: R..... BUILDINGS: R.....
I object to the said valuation. The grounds for my objection are as follows
(Use a separate sheet of paper if space is insufficient).
I request that the following valuation be substituted for it:
SITE: R..... BUILDINGS: R.....
I declare that the property was purchased by me on for R..... *with/without buildings.

Date:

.....
Signature of Objector.

* Delete whichever is not applicable.

(For use by valuation court only).

DECISION OF VALUATION COURT.

Objection by
in respect of the valuation of Erf No.

SITE: R..... BUILDINGS: R.....

Date:

.....
Chairman: Valuation Court.

